# HOOFSTUK 1

## 1. PROBLEEMSTELLING, DOEL, METODE EN PROGRAM VAN ONDERSOEK

### 1.1 INLEIDING

Wanneer die beginneronderwyser die eerste keer die professie betree, word verskillende simptome van praktykskok dikwels ervaar. Dit is waarskynlik as gevolg van die realiteit van skoolhou, waarvoor die beginner nie opgewasse voel nie (Du Toit, 1986:1). Gewoonlik ondervind die skool dan ook probleme (Steyn & Nowlan, 1989:733-735).

Die rede vir die praktykskok kan waarskynlik gevind word in menings soos die van Stander (1985:3), naamlik dat die eise en verwagtinge wat die onderwyspraktyk aan beginners stel, nie ooreenkom met die opleiding wat onderwysers ontvang het nie.

Müller (1985:2) onderstreep weer die wanbalans tussen die komponente van onderwyseropleidingsprogramme. Hy beweer: "Die meeste van die programme word gekenmerk deur 'n stel teoretiese komponente, wat by die opleidingsinstansie realiseer, met 'n verskraalde praktiese komponent, wat tydens die praktiese onderwys by die skool voltrek word, dikwels sonder 'n samehang daartussen." (Müller, 1985:2.)

In 'n poging om die gaping tussen opleiding en praktyk te oorkom en die oorskakeling van student wees na onderwyser wees te vergemaklik, is daar in talle oorsese lande begeleidingsmodelle ontwikkel (Stander, 1985:34). Internskap is 'n voorbeeld van so 'n begeleidingsmodel, wat aan die toekomstige of beginneronderwyser die geleentheid bied om alle leerervaring prakties-deelnemend in die skoolsituasie te ervaar,terwyl begeleidingshulp verleen word.

Met dieselfde strewe het Die Windhoekse Onderwyskollege, gedurende 1989, op 'n eksperimentele basis begin met die implementering van 'n stelsel van internskap.

## 1.2 PROBLEEMSTELLING

Uit die literatuur is dit duidelik dat daar talle variasies van internskappe ontwikkel het. Volgens Stander (1985:95) is daar in die VSA alleen 1 239 verskillende modelle van internskap in 1984 geïdentifiseer.

Die stelsel van internskap wat aan Die Windhoekse Onderwyskollege (WOK) ontwikkel is, hou in dat die vierjarige opleidingskursus van onderwysers voorsiening maak vir 'n internskap van twee kwartale. Die studente of interns, soos dit aan die WOK bekend staan, word in skole uitgeplaas, in die sorg van 'n tutoronderwyser, om so progressief ingelei te word in die skoolpraktyk. Elke intern of groep interns het 'n voogdosent wat na hulle opleiding omsien en wat as skakel tussen die skool en WOK dien. Vakdidaktiekdosente verleen vakdidaktiese leiding op 'n gereelde basis. Interns kry geleidelik meer verantwoordelikheid totdat hulle die volle verantwoordelikheid van 'n klas behoort te dra onder gekontroleerde omstandighede.

Soos afgelei kan word, bring internskap 'n groot verandering mee, ten opsigte van die opleiding aan 'n opleidingsinrigting en skole wat by die internskap betrokke is. Dit laat die vraag ontstaan of daar dan werklik genoeg rede voor bestaan, of bestaan het, om die bestaande skoolpraktikum só te verander om 'n internskap daarby in te sluit.

In die lig van al die variasies van internskap, kan daar met 'n groot mate van sekerheid geantisipeer word, dat al die variasies nie ewe geslaagd is nie. Dit lei tot 'n tweede vraag, naamlik: aan watter algemene kriteria behoort internskappe te voldoen om effektiewe opleiding moontlik te maak?

In die derde plek ontstaan die vraag: hoe sien die WOK-stelsel van internskap presies daaruit? Die antwoord op hierdie vraag sal egter van min waarde wees, as dit nie in verband gebring word met kriteria wat die effektiwiteit van 'n internskapstelsel kan bepaal nie.

Uit die voorafgaande blyk dit dus dat die probleem van hierdie navorsing wentel om die volgende vrae:

- Bestaan daar genoeg rede om die bestaande onderwyspraktikum te wil verander?
- Aan watter kriteria moet 'n doeltreffende stelsel van internskap vir die opleiding van onderwysers voldoen?
- Hoe sien die WOK-stelsel van internskap vir die opleiding van primêre skool onderwysers daaruit?
- Voldoen die stelsel van internskap aan die kriteria vir 'n doeltreffende stelsel van internskap?

## 1.3 DIE DOEL MET DIE NAVORSING

Die doel met hierdie navorsing was om:

(1) 'n rasionaal te bepaal vir 'n stelsel van internskap met betrekking tot onderwyseropleiding;

(2) kriteria te bepaal waaraan 'n stelsel van internskap behoort te voldoen;

(3) 'n beskrywing te gee van die stelsel van internskap soos dit tans geïmplementeer word aan die WOK;

(4) te bepaal in hoe 'n mate die WOK-internskapstelsel aan die kriteria vir 'n doeltreffende stelsel van internskap voldoen.

## 1.4. DIE METODE VAN NAVORSING

### 1.4.1 LITERATUURSTUDIE

'n Literatuurstudie is onderneem om 'n oorsig oor bestaande navorsing te kry, ten opsigte van:

- probleme wat in die huidige opleiding van onderwysers in die RSA en Namibië ondervind word;

- stelsels van internskap of soortgelyke begeleidingsmodelle wat in oorsese lande geïmplementeer word, om die aspirantonderwyser beter toe te rus vir sy onderwystaak.

Uit hierdie literatuurstudie is 'n rasionaal bepaal vir internskap as 'n begeleidingsmodel en 'n kriteria afgelei, waaraan 'n doeltreffende stelsel van internskap behoort te voldoen.

### 1.4.2 BESKRYWENDE NAVORSING

Inligting oor die WOK se stelsel van internskap is verkry deur middel van:

- bestudering van dokumentasie ten opsigte van onder meer die oorsprong, doel, voorwaardes, werkswyse, implementeringsriglyne, evalueringsvraelyste, verslae;

- onderhoude met belanghebbendes om onduidelikhede ten opsigte van bogenoemde op te klaar en meer inligting in te win;

- waarneming van die stelsel soos dit tans geïmplementeer word.

## 1.5. VERLOOP VAN DIE NAVORSING

Die navorsing het soos volg verloop:

(1) Leemtes is in die huidige opleiding van onderwysers bestudeer en 'n rasionaal vir internskap is bepaal.

(2) Stelsels van internskap is bestudeer en kriteria is bepaal waaraan 'n stelsel van internskap behoort te voldoen.

(3) Die stelsel van internskap soos dit geïmplementeer word aan die WOK is beskryf.

(4) Die WOK-stelsel van internskap is aan die gestelde kriteria gemeet.

## 1.6. HOOFSTUKINDELING

Hoofstuk 1: Probleemstelling, doel, metode en program van ondersoek.

Hoofstuk 2: Rasionaal vir 'n stelsel van internskap binne die opleiding van primêreskoolonderwysers.

Hoofstuk 3: Kriteria waaraan 'n doeltreffende stelsel van internskap behoort te voldoen.

Hoofstuk 4: Die WOK-stelsel van internskap vir die opleiding van primêreskoolonderwysers.

Hoofstuk 5: Evaluering van die WOK-stelsel van internskap aan die gestelde kriteria vir 'n doeltreffende stelsel van internskap.

Hoofstuk 6: Samevatting, bevindings en aanbevelings.

## 1.7 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk word kortliks aangetoon dat daar kommer bestaan oor die deel van die Onderwyspraktikum wat in die skoolsituasie geïmplementeer word. Oplossings vir die probleem van 'n te teoretiese opleiding van onderwysers is reeds in oorsese lande gesoek in praktykbegeleidingsmodelle. Die WOK het hierdie voorbeeld gevolg.

Die vraag ontstaan of sodanige veranderinge geregverdig is en of die WOK-stelsel van internskap so gestruktureer is, dat dit kan

lei tot effektiewe onderrig en begeleiding van interns, sodat die angel uit praktyktoetrede geweer kan word. Hiervoor moet kriteria vir 'n doeltreffende internskap bepaal word.

'n Uiteensetting word verder gegee van die beplande navorsing.

In die volgende hoofstuk word daar eerstens gefokus op die prakties-beroepsgerigte komponent van onderwyseropleiding. Daarna word praktykskok geanaliseer, wat uitloop op identifisering van moontlike oorsake van praktykskok, wat moontlik deur internskap as begeleidingsmodel oorbrug kan word.